

**Sondag 29 Januarie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 3**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 3:16, 17**

**Die Heilige Gees en die inwoning van Christus deur die geloof**

Voorbidding vir 'n gemeente – 'n aangrypende gebed gevul met bedes wat die Heilige Gees tot Bewerker van die eenheid tussen Christus en 'n gelowige verhelder. Na sy Godheid, genade en Heilige Gees gaan ons Here Jesus Christus immers nooit van ons af weg nie.

Die Ander Trooster is nie 'n nuwe anderster Trooster nie, Hy is immers die Voorspraak, ons Advokaat wat die Vader en Seun vir ons op Pinksterdag gestuur het, wat nou in ons en met ons werk.

Die lewende Here Jesus Christus is deur sy Heilige Gees teenwoordig. Hy woon in die gelowige, ons is tempels van die Heilige Gees. Hy beheers 'n gelowige, 'n gemeente.

Die heilsorde is deur en deur werk van die Heilige Gees – deur Hom ge-roep, wederbaar, sodat ons deur sy oortuigingswerk in ons kan glo, kan be-keer, kan volhard terwyl ons wag om deur Hom verheerlik te word.

Boonop is die vrug wat Hy in ons bewerk nie soseer op ewige saligheid alleen gerig nie, maar om ons nou die gelukkigste mense op aarde te maak ... sodat ons straal van liefde, vreugde, vrede, sodat mense (en onself) kan sien dat Christus in ons woon, sy beeld vertoon, omdat ons daaglik vernuwe word.

*Sing: 146:1*

*Dr. PK (Piet) Lourens (Emeritus)*